# KINDERS SE SENDING



2021 • **KWARTAAL 4** • NOORDELIKE ASIë-STILLE-OSEAAN DIVISIE



AdventistMission.org

# Inhoud

**Op die Buiteblad** Sun-mi, 8, en Sun-young, 9, geniet dit om musiekinstrumente te bespeel by die Happy Church in Sejong, Suid-Korea. Hulle wil God gelukkig maak. Storie, Bladsy 20.

MONGOLIë
4 Wie Het Diere Name Gegee? | *Okt. 2*
6 'n Wandelende Wonderwerk | *Okt. 9*
8 Meisie Bid vir Engele | *Okt. 16*

TAIWAN
10 God Hoor My Gebede | *Okt. 23*
12 Slaan Skool oor vir Kerk | *Okt.30*
14 Vind Vergifnis | *Nov. 6*
16 'n Goeie Geheue | *Nov. 13*

SUID-KOREA
18 Laaste Uitnodiging | *Nov. 20*
20 "Happy Church" | *Nov. 27*
22 Kragtige Gebede | *Des. 4*
24 Verjaarsdag Met Vriende | *Des. 11*

JAPAN
26 Krag van 'n Boek | *Des. 18*
13 28 Dertiende Sabbat: Wat se Boek is Dit? | *Des. 25*
30 Toekomstige Dertiende Sabbat Projekte
31 Addisionele Aktiwiteite
35 Leier se Hulpbronne
36 Kaart

# U Offergawes aan die Werk




Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe drie jaar gelede wat gehelp het om 'n jeug evangelisasie opleidingsentrum op te rig by Setagaya Sewendedag-Adventistekerk, foto, in Tokio, Japan.

SEVENTH-DAY ADVENTIST CHURCH®

©2021 General Conference of Seventh-day Adventists® • Alle regte voorbehou 12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904-6601 1-800-648-5824 • AdventistMission.org

# Liewe Sabbatskoolleier,

Andrew McChesney
*Redakteur*



Hierdie kwartaal beeld ons die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie uit, wat toesig hou oor die Sewendedag-Adventiste werk in Japan, Mongolië, Suid-Korea en Taiwan. Die streek is tuiste vir 230 miljoen mense, insluitend byna 286,000 Adventiste. Dit is 'n koers van een Adventis vir elke 806 mense. Hierdie kwartaal se vyf Dertiende Sabbat projekte is in elkeen van die vier lande van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie. Sien die kantlyn vir meer inligting.

Indien u u Sabbatskoolklaskamer hierdie kwartaal wil opkikker, bied ons foto's en ander materiaal aan om saam met elke sendingstorie te gaan. Meer inligting word voorsien in die kantlyn met elke storie. Vir foto's of toeristeplekke en ander tonele van die lande wat uitgebeeld word, probeer 'n gratis fotobank soos pixabay.com en unsplash.com. Bykomend, kan u 'n PDF aflaai van feite en aktiwiteite van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie by bit.ly/nsd-2021. Volg ons op facebook.com/missionquarterlies.

Ukan die PDF weergawe van die jeug en volwasse *Mission* tydskrif aflaai by bit.ly/adultmission en die *Children's Mission* tydskrif by bit.ly/childrensmission. Die Mission Spotlight video's is verkrygbaar by bit.ly/missionspotlight. 'n Drukbare sendingbank beeld, wat die kinders kan inkleur, kan afgelaai word by bit.ly/bank-coloring-page.

Indien ek van hulp kan wees, kontak my by mcchesneya@gc.adventist.org.


Dankie dat u ander aanmoedig om sending-gerig te wees!

## Geleenthede

Die Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal sal die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie help om die volgende op te rig:

- Adventiste Lewenstylsentrum in Ulaanbaatar, Mongolië
- Versorgingsentrum vir immigrant kinders in Ansan, Suid-Korea
- Yeongnam Sendingsentrum in Daegu, Suid-Korea
- Drie stedelike sentrums van invloed in Taipei, Tainan, en Kaohsiung, Taiwan
- Internetevangelisasie program wat die Internet generasie in Japan bereik



MONGOLIë | 2 Oktober

Batzul Ganbold, 30

# Wie Het Diere Name Gegee?

Batzul het oral in Mongolië perde gesien. Mongoolse perde is sterk en leef heel goed in die warm somerweer en selfs in die koue winter. Batzul het geweet dat perde belangrik is. 'n Groot vraag het die klein seuntjie egter verwar: Wie het perde "perde" genoem?

"Vader," het hy gesê "Waarom word perde perde genoem Wie het perde hulle naam gegee?"

Vader het slegs geglimlag. Hy het nie geweet nie

Batzul het somtyds wolwe gesien. 'n Mongoolse legende sê selfs dat alle mense baie jare gelede van 'n wolf gekom het. Batzul het gewonder: Wie het wolwe "wolwe" genoem? Maar niemand kon hom die antwoord gee nie.

Batzul het opgegroei van 'n klein seuntjie tot 'n groot tiener. Hy het baie dinge in die skool geleer. Hy het egter nog steeds nie geweet wie die diere name gegee het nie.

Eendag het sy ouer suster telefonies geskakel uit Suid-Korea, waar sy gewerk het.

"Jy behoort kerktoe te gaan," het sy gesê.

Batzul was verbaas. Hy het nooit kerktoe gegaan nie. Sy suster het gesê dat sy 'n kerk in Suid-Korea bygewoon het en daarvan gehou het.

"Gaan na die U-B kerk," het sy gesê.

"U-B" staan vir Ulaanbaatar, die hoofstad van Mongolië.

Batzul het nie geweet waar om die U-B kerk te vind nie. Hy het 'n telefoonoperateur geskakel vir hulp. "Gee my asseblief die adres van die U-B kerk," het hy gesê. Die telefoonoperateur het hom 'n adres gegee.

Verskeie maande het verbygegaan, en Batzul se suster het gevra of hy die kerk gevind het. Sy was bly om te hoor dat hy elke week aanbiddingsdienste bygewoon het.

"Hoe vind jy die tyd om elke Sondag te gaan?" het sy gevra.

"Ek gaan nie op Sondae nie," het hy gesê. "Ek gaan op Saterdae."

Sy suster was geskok. "Watter kerk woon jy by?" het sy gesê.

Batzul het verduidelik dat hy na 'n Sewendedag-Adventistekerk gaan.

By die kerk het iemand hom 'n Bybel

gegee, en hy het begin om dit te lees. In Genesis, het hy die antwoord op sy groot vraag gevind oor wie die diere name gegee het. Hy het gelees, "En die Here God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees. So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld." (Genesis 2:19, 20). Die persoon wat die perde, wolwe, en al die diere hulle name gegee het, was Adam. Batzul het baie meer geleer soos wat hy die Bybel gelees het. Hy het geleer dat mense nie van 'n wolf gekom het nie, maar geskape was deur dieselfde God wat al die diere gemaak het. Hy was deur God geskape. Hy het gehou van die klank daarvan, en het besluit om om sy hart aan God te gee.

Vandag werk Batzul as 'n sendeling, genoem 'n Wêreldsending baanbreker in Mongolië. Hy vertel hoe diere hulle name gekry het en verduidelik dat mense nie van 'n wolf gekom het nie, maar van God

Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe drie jaar gelede wat gehelp het om die eerste Sewendedag-Adventiste hoërskool in Mongolië te open. U Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal sal help om 'n Adventiste lewenstylsentrum in Mongolië se hoofstad, U-B te open.

Deur Andrew McChesney


## Storie Wenke

- Vind Mongolië se hoofstad, Ulaanbaatar, op die kaart.
- Spreek Batzul uit as: butt-ZAL.
- Erken dat Wêreldsending baanbrekers leke persone is wat vir ten minste 'n jaar vrywillig werk om 'n gemeente in 'n onbetrede gebied in hulle eie kultuur te stig. Wêreldsending baanbrekers het die voordeel om die kultuur te ken, die taal te praat, en in te skakel met die plaaslike mense. Meer as 2,500 Wêreldsending baanbrekers werk nou rondom die wêreld. Sedert 1990, het baanbrekers 11,000 nuwe Sewendedag-Adventiste gemeentes gestig.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Geestelike Groei Doelstelling No. 6, "om toegang, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug, en jong volwassenes te verhoog"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

## SENDING REKORD

Die eerse Adventiste werk in Mongolië was gedoen deur Russiese sendelinge, in 1926, wat vanaf Hailar in Manchuria, Sjina, opgetree het. Hulle het die eerste Sewendedag-Adventiste publikasies in Mongools uitgegee: 'n gedrukte lied, en vier klein traktaatjies. Politieke veranderinge het dit onmoontlik gemaak om direk in die land te werk, daarom was werk in 1930 begin vir Mongole in Inter Mongolië (in oordelike Sjina). In 1931, het Otto Christensen sendinghoofkwartiere en 'n hospitaal in Kalgan gestig.





MONGOLIë 9 Oktober

Gege Saran, 28

# 'n Wandelende Wonderwerk

Gege was 'n siek klein seuntjie in Mongolië Sy moeder was bekommerd daarom het sy hom lustig gevoed, met die hoop dat dit hom sterker sou maak. Sy het hom baie brood gegee. Sy het hom baie vleis gegee. Mense eet baie brood en vleis in Mongolië

Soos wat Gege geëet het, het hy sterker geword. Sy maag het egter ook gegroei. Teen die tyd wat hy klaar was met graad agt, het hy 200 pond (90 kilogram) geweeg. Hy het ook 'n probleem gehad; sy bene was seer. Sy bene was seer wanneer hy gesit het. Sy bene was seer wanneer hy geloop het. Hy het krukke gebruik om tussen klasse te strompel.

Moeder het hom dokter toe geneem. “Gege is baie siek," het die dokter gesê. "Ons sal sy bene moet afsit."

Gege was bang. Selfs alhoewel sy bene seer was, het hy uit die dokter se kantoor gehardloop. By die huis het hy vir Moeder gesê dat Jesus hom sou gesond maak. "Van watter Jesus praat jy?" het Moeder gesê. Sy het egter geweet wat hy bedoel het. Gege het na 'n Sewendedag-Adventistekerk gegaan op Sabbat.

Moeder was nie 'n Christen nie, en sy het nie daarvan gehou dat hy kerktoe gaan nie. Sy het hom baie keer geslaan omdat hy gegaan het, maar hy het nog steeds gegaan. Selfs al het Moeder nie vir Jesus liefgehad nie, was sy lief vir Gege. Sy het hom gesmeek om terug te gaan dokter toe, maar hy het geweier. Hy het baie stories in die Bybel gelees oor Jesus wat mense gesond gemaak het. "Ek weet dat ek gesond gemaak sal word," het hy vir Moeder gesê.

'n Klein rukkie later het Gege en sy moeder na 'n ander stad verhuis waar die kerk 'n hele ent van hulle nuwe huis was. Gege moes 9 myl (15 kilometer) loop om by die kerk te kom en nog 9 myl om terug te gaan huistoe. Dit het sy bene seergemaak om so 'n ver afstand te loop, maar hy het nie omgegee nie. Hy wou God op Sabbat aanbid.

By die kerk het die predikant vir hom gesê dat die stapoefening goed was vir sy gesondheid. Die predikant het Gege ook genooi om te help om die kerk se groentetuin te versorg, en Gege

het begin om elke dag kerktoe te loop. Gege het dit geniet om die wortels, aarappels en kool in die tuin te versorg. Hy het ook daarvan gehou om dit te eet!

Die hele somer het Gege na en van die kerk geloop, die groente versorg, en groente geëet. Elke dag het hy tot God gebid om sy bene gesond te maak.

Drie maande het verbygegaan, en Gege het 65 pond (30 kilogram) gewig verloor van al die oefening en gesonde tuinvoedsel. Hy het skraal geword, en sy pyne in die bene het verdwyn.

"Dit is 'n wonderwerk en antwoord op my gebede het hy jubelend vir Moeder gesê.

Moeder was nie so seker nie. Sy het gesien dat Gege fris en sterk was, maar sy wou weet wat die dokter sou sê. By die dokter se kantoor het die dokter hom 'n skoon verslag van sy gesondheid gegee. Moeder was verwonderd. "Jesus het jou gesond gemaak," het sy gesê. Moeder glo nou in Jesus.

Vandag werk Gege as 'n Wêreldsendeling baanbreker, 'n sendeling wat Jesus met ander mense in Mongolië deel.

"God het my my gesondheid gegee," het hy gesê. "Ek sal Hom dien."

U Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal sal help om 'n gesondheidsentrum in Mongolië te open sodat baie mense kan leer hoe om gesond te wees soos Gege.

Deur Andrew McChesney

## Storie Wenke

- Vind Mongolië op die kaart.
- Spreek Gege uit as: GE-ge.
- Erken dat Wêreldsending baanbekers leke persone is wat ten minste een jaar vrywillig werk om 'n gemeente in 'n onbetrede gebied in hulle eie kultuur te stig. Wêreldsending baanbrekers het die voordeel om die kultuur te ken, die taal te praat, en in te skakel met die die plaaslike mense. Meer as 2,500 Wêreldsending baanbrekers werk nou rondom die wêreld.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan " strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 1, "om die konsep van wêreldwye sending en opoffering vir sending te laat herleef as 'n manier van lewe nie slegs vir predikante nie, maar elke kerklidmaat, jonk en oud, in die vreugde om vir Christus te getuig en dissipels te maak"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7 "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer van die strategiese plan by IWillGo2020.org.





VERSTOMMENDE LAND

Mongolië is tuiste vir die Baktriese kameel. Kleiner as Arabiese kamele, is hulle dubbel homp kenmerkend.



BigStockPhoto.com





MONGOLIë | 16 Oktober

Joanne Kim, 49

# Meisie Bid vir Engele

Voedsel het op Sondagoggend in die huis van 9-jarige Joanne opgeraak.

Vader het die gesin verlaat nadat Moeder begin het om 'n Sewendedag-Adventistekerk by te woon in die V.S.A. staat van Oregon. Vader, wat na die Verenigde State geïmmigreer het van Suid-Korea met die familie, het dit duidelik gemaak dat hy hulle nooit sou help nie.

“Indien julle God kies, laat julle God julle voed," het hy gesê. "Laat julle God julle klee."

Moeder, wie nie 'n werk gehad het nie, het daardie Sondag in haar slaapkamer gehuil en gebid.

Toe etenstyd gekom het, het Joanne se jonger sussie wanhopig gekla, "Ek is honger."

Haar ouer broer het uit drukkingloos gesit en probeer om dapper te wees al was hy hopeloos.

Toe het Joanne onthou dat sy in *Oom Attie se Slaaptydstories* gelees het van kinders wat gebid het en hulp van engele ontvang het.

"Al wat ons moet doen, is bid!" het sy uitgeroep. “*Oom Attie se Slaaptydstories* sê dat as ons bid, die engele vir ons voedsel sal bring. Kom ons bid!"

Boetie het sy oë gerol. Klein sussie het weer gekla oor haar hongerpyne. Joanne het nie geweet hoe om te bid nie.

“Hallo, God,” het Joanne gesê. “Ons is regtig honger. *Oom Attie se Slaaptydstories* së dat U vir ons voedsel kan stuur, so sal U asseblief vir ons stuur om te eet?"

Die kinders het gewag. Geen voedsel nie. Ure het verbygegaan, en aandete tyd het aangebreek.

Joanne het gedink, “Wat is verkeerd? God is laat!”

Die kinders het hongerder geword. Moeder het aangehou om in die slaapkamer te huil en te bid.

Toe het Joanne gesê, “O, ek weet wat ons verkeerd gedoen het! God dink nie dat ons in Hom glo nie, omdat ons nie die tafel gedek het nie."

Sy het vir klein Sussie gesê om eetstokkies in die kombuis te gaan haal.

Die kinders het toe die tafel gedek en gaan sit.

"Jammer daaroor God," het Joanne gebied. "Ons het dit waarskynlik verkeerd gedoen. Kan U asseblief nou vir ons voedsel stuur? Die tafel is gedek, en ons is gereed!"

Niks het egter gebeur nie. Die kinders het daardie aand teleurgesteld en honger in die bed geklim.

Vroeg in die oggend, het hulle opgestaan om skooltoe te gaan. Hulle het geen voedsel gehad vir ontbyt nie en ook geen geld om middagete te koop nie.

"Moenie Moeder pla nie," het Joanne vir haar boetie en sussie gefluitser. "Sy is nog steeds besig om te huil en te bid."

Die kinders het die voordeur oopgemaak om die huis te verlaat, maar hulle pad was geblok - deur 'n groot karton gevul met voedsel!

Opgewonde het die kinders vir Moeder na die deur geroep Moeder kon haar oë nie glo nie. Joanne was oorstelp van vreugde. "Die engele was net 'n bietjie laat!" het sy gesê.

Daardie was die oomblik wat Joanne geweet het dat God leef en dat Hy gebede hoor en beantwoord. Joanne Kim is nou die moeder van haar eie vier kinders. Sy en haar man, Jon, 'n tandarts, en hulle vier kinders is sendelinge in Mongolië.

Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe drie jaar gelede wat gehelp het om die eerste Sewendedag-Adventiste hoërskool in Mongolië te open. Joanne is die skoolhoof van die hoërskool. Sy bid nog steeds elke dag en vra God om die skool te seën sodat baie kinders kan leer om Hom te vertrou soos wat sy Hom vertrou het toe sy 'n honger klein dogtertjie was.

By Andrew McChesney

## Storie Wenke

- Vind Suid-Korea, die V.S.A. staat van Oregon, en Mongolië op die kaart.
- Moedig die kinders aan om te bid en te vertrou dat God hulle gebede hoor en beantwoord. Deel die belofte van Mattheus 7:7-8, waar Jesus sê "Vra, en dit sal vir julle gegee word … Want elkeen wat vra, ontvang."
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat Joanne se sendingwerk in Mongolië die volgende komponet van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 2, "om Adventiste uitreiking te versterk en te diversifiseer … onder onbereikte en onder-bereikte mensegroepe, en aan nie-Christen godsdienste." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.


VERSTOMMENDE LAND

Om van 'n perd se rug met goue arende te jag, is 'n tradisionele Mongoolse sportsoort en word jaarliks tydens 'n fees gevier.



BigStockPhoto.com





TAIWAN | 23 Oktober

Lisa, 8

# God Hoor My Gebede

Ek woon in 'n liefdevolle Christen gesin in Taiwan. My vader is 'n predikant, en my moeder is 'n predikantsvrou. Ek het twee klein boeties, en ons woon saam met my grootouers.

Ek wil julle vertel hoe God my gebede beantwoord.

Toe ek in graad een was het die skool 'n spesiale sportdag georganiseer. Dit was my eerste skool sportdag, en ek wou regtig graag deelneem in die hardloop en spring aktiwiteite. Ek gaan egter na 'n openbarae skool, en die sportdag was op die Sabbat. Ek het tot God gebid.

"Liewe God," het ek gesê, "doen asseblief iets dat ek kan deelneem in die skool se sportdag."

Ek het Moeder gesê dat ek graag wou hardloop en spring saam met die ander kinders op sportdag.

"Moenie bekommerd wees nie," het Moeder gesê. "God sal 'n manier vind om jou gelukkig te maak."

Die volgende dag het Moeder en Ouma my vir 'n piekniek geneem. Ons het soveel pret gehad om buite te eet, en ek was so gelukkig.

"Kyk," het Moeder gesê. "God het 'n manier gevind om jou gelukkig te maak."

Ek het van vreugde gelag. Moeder was reg. God het 'n manier gevind om my gelukkig te maak.

Toe het God my gebed beantwoord. Hierdie jaar was die skool se sportdag op 'n Vrydag gehou, en ek was so bly dat ek kon hardloop en spring saam met die ander kinders. God het na my gebede geluister en dit beantwoord.

God beantwoord baie soorte gebede. Elke keer wat ek 'n toets by die skool moes skryf, het ek my oë toegemaak en gebid voordat ek begin. Ek vra God vir hulp.

"Liewe God." sê ek, "help my asseblief met hierdie toets. Help my asseblief om kalm te wees en te fokus."

Ek bid omdat ek God gelukkig wil maak deur goeie punte te kry. God luister na my gebede, en ek is in staat om Sy naam te verheerlik met goeie punte. Ek en my ouers is so dankbaar teenoor God!

Ek was so hartseer toe my Ouma oorlede is. Sy het so baie lekker dinge vir my gedoen.

My gesin is Rukai, 'n inheemse mensegroep in Taiwan, en Ouma het 'n tradisionele Rukai rugsak vir my gehekel. Dit lyk pragtig op my rug, veral wanneer ek in tradisionele Rukai drag aantrek.

Ek het daarvan gehou om my Ouma te help. Sy het op my arm geleun vir ondersteuning wanneer sy aandete in die kombuis voorberei het. Ek en my broers het haar geliefkoosde liedjies vir haar gesing. Sy het vir ons stywe drukkies gegee om te wys dat sy bly was.

Wanneer Ouma siek geword het, het ek die eerste ding na skool na haar slaapkamer gegaan en gevra of sy warm water nodig gehad het om te drink. Ek het daarvan gehou om vir haar alles te bring waarvoor sy gevra het. Ek het langs haar bed gesit en vir haar gebid dat sy nie in pyn moes wees nie.

Ek was so hartseer toe Ouma oorlede is. Ek het tot God gebid vir troos en krag, en Hy het my geantwoord. Ek het besef dat ek nie hoop moes verloor nie en dat Ouma net aan die slaap geraak het. Ek wil haar weer ontmoet wanneer Jesus kom.

Ek bid dat God altyd my en my gesin sal beskerm. En Hy sal. Hy beantwoord altyd my gebede!

Terwyl Lisa God liefhet, is daar baie mense wat aan haar Rukai mensegroep behoort, wat nie van Hom weet nie. Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om die evangelie aan die Rukai en ander inboorling mensegroepe in Taiwan te versprei. Dankie dat u 'n milddadige offergawe beplan.

Deur Lisa

## Storie Wenke


- Vra 'n meisie om hierdie eerste-persoon verslag te deel.
- Vind Taiwan op die kaart.
- Weet dat die Rukai die sewende grootste van dertien amptelik erkende inheemse mensegroepe in Taiwan is. Voorheen bekend as Tsarisen, wat "mense wat in die berg woon," beteken, was die Rukai bevolking getalle ongeveer 12,700.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie:
- bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponent van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

TAIWAN

## SENDING REKORD

Die eerste Sewendedag-Adventiste wat Taiwan binnegegaan het, was T. S. Wang, 'n kolporteur van Suid Fujiese, Sjina, in 1907. Ten spyte van vervolging en gevangeneming, het hy sy werk voortgesit, en, teen die tyd wat hy weggegaan het, in 1912, het hy tien bekeerlinge gehad. Die werk was moeilik in die gebied en, toe die werk in 1942 tot stilstand gekom het, gedurende die Tweede Wêreldoorlog, was die ledetal slegs 14. In 1948, na die oorlog, was die Taiwan Sending gestig, en die eerste Sewendedag-Adventistekerk op die eiland was vroeg in 1949 georganiseer.



TAIWAN | October 30

Owen, 13, en Mia, 10

# Slaan Skool oor vir Kerk

Owen en sy jonger suster hou daarvan om kerktoe te gaan in Taiwan.

Die kinders is so lief vir die kerk dat hulle nie omgee om 'n uur-en-'n-half te ry om elke Sabbat by die kerk te kom nie. Hulle kan na 'n kerk nader aan hulle huise gaan, maar daardie kerke het nie 'n Baanbrekerklub nie en hulle hou van Baanbrekers.

Elke nou en dan hou hulle openbare skool 'n groot sportbyeenkoms op Sabbat. Owen en Mia hou daarvan om te hardloop en te spring, maar hulle het God selfs liewer. Hulle slaan dus die sportbyeenkoms oor en gaan in plaas daarvan kerktoe.

Ander kere hou die skool spesiale klasse op Sabbat. Owen en Mia gaan egter in plaas daarvan kerktoe. Hulle het in ses jaar nog nie 'n Sabbat aanbiddingsdiens oorgeslaan nie.

Eendag het die Onderwyser aangekondig dat Owen en sy klasmaats 'n baie belangrikte toets op Sabbat moes skryf.

Owen het nie geweet wat om te doen nie. Hy wou goeie punte kry, maar hy wou ook kerktoe gaan. Hy het vir Moeder van die toets vertel.

“Kom ons bid daaroor," het Moeder gesê.

Moeder het baie ernstig oor Owen se Sabbat toets gebid.

Onverwags het die Onderwyser ingestem dat Owen die toets vroeër kon skryf. Owen was so bly! Moeder was so bly! Hulle het God gedank dat hulle gebede beantwoord is.

Toe het 'n ander onderwyser vir Mia gesê dat sy op Sabbat skooltoe moes kom vir ekstra klasse. Mia het nie geweet wat om te doen nie. Sy wou goeie punte kry, maar sy wou ook kerktoe gaan. Sy het vir Moeder van die ekstra klasse vertel.

“Laat ons daaroor bid," het Moeder gesê.

Sy het ernstig gebid oor Mia se Sabbat klasse. Mia het oor die klasse gebid.

Die onderwyseres het geweier om haar plan te verander.

"Jy moet die ekstra klasse neem omdat dit jou sal help om jou handskrif te verbeter," het die onderwyseres gesê. "As jy die klas oorslaan, sal

ek jou baie ekstra huiswerk gee sodat jy jou handskrif kan verbeter."

Mia was baie ontsteld, en sy het haar Moeder vertel wat die onderwyseres gesê het. Moeder het hartseer gevoel vir Mia.

"Mia, wil jy na God luister of na die onderwyseres?" het sy gesê.

Mia het die vierde gebod geken, waar God sê, "Gedenk die Sabbatdag en hou dit heilig" (Exodus 20:8). Sy het vir God gebid vir hulp.

Op Sabbat het Mia kerktoe gegaan in plaas van skooltoe. Sy het gewonder wat die onderwyseres sou sê. Toe sy terug skooltoe is op Maandag, het die onderwyseres voortdurend na haar gekyk. Die onderwyseres het egter nie 'n woord gesê nie. Die onderwyseres het haar selfs nie ekstra huiswerk gegee om te doen nie. Mia was so bly! Moeder ws so Mia bly! Mia en Moeder het God gedank vir Sy goedheid. Mia is nie langer bang om vir die onderwyseres te sê dat sy nie op Sabbat skooltoe kan kom nie.

Owen en Mia het 'n groot gebedsversoek: Hulle vra jou en ander kinders rondom die wêreld wat hierdie storie hoor om vir hulle vader te bid. Selfs al lees Vader elke aand die Bybel vir hulle en neem hulle elke Sabbat kerktoe, het hy nie sy hart vir Jesus gegee nie. Owen en Mia hoop dat hy gedoop sal word. Sal julle vir Vader bid?

## Storie Wenke

- Vind Taiwan op die kaart.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No.1, "om die konsep van wêreldwye sending en opoffering vir sending as 'n manier om te lewe wat nie slegs predikante nie maar elke kerklidmaat, jonk en oud betrek, te laat herleef in die vreugde om vir Christus te getuig en dissipels te maak"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

Terwyl Owen en Mia Jesus liefhet, het baie inheemse mense in Taiwan nog nie van Hom gehoor nie. Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal help om die evangelie te versprei aan inheemse volkegroepe in Taiwan. Dankie dat u 'n milddadige offergawe beplan.

Deur James Wu

TAIWAN


VERSTOMMENDE LAND

Bofbal is Taiwan se nasionale sport. Ander gewilde sport sluit basketbal, tennis, tafeltennis, pluimbal, taekwondo, en gholf in.



BigStockPhoto.com





TAIWAN | 6 November

# Vind Vergifnis

Yu-Ting Yie, 21

Yu-Ting het nooit kerktoe gaan as 'n klein dogtertjie in Taiwan nie. Moeder en Vader het in God geglo en hulleself Christene genoem, maar vir een of ander rede het hulle nie gedink dat dit belangrik was om God in 'n kerk te aanbid nie.

Toe het Moeder en Vader vir Yu-Ting gestuur om by haar Ouma in 'n klein dorpie te gaan woon. Ouma het ook in God geglo. Sy het haarself ook 'n Christen genoem. Sy het egter God in 'n kerk aanbid, en daarom het Yu-Ting elke Sabbat saam met haar kerktoe gegaan.

Yu-Ting het nuwe vriende gemaak terwyl sy by Ouma gebly het, en sy het baie dinge geleer. Ouma was bekommerd. Moeder en Vader was bekommerd. Yu-Ting was nie bekommerd nie, want sy was gelukkig. Terwyl sy die slegte dinge gedoen het, het sy baie hartseer geword.

Sy het daarvan gehou om kerktoe te gaan. Om God te aanbid het haar gelukkig gemaak. Toe het sy begin hartseer voel by die kerk. Haar nuwe vriende het gesê dat hulle te besig was om God te aanbid en hulle het opgehou om kerktoe te gaan. Spoedig was Yu-Ting die enigste kind wat oorgebly het.

Iemand het haar gevra om te help om die sangdiens te lei. Yu-Ting het daarvan gehou om te sing, en sy was gelukkkig om die sang uit te lei. Om betrokke te wees in die sang het Yu-Ting meer laat belangstel in die preek. Sy het begin om aandag te gee aan die preke.

Eendag het die predikant gesê dat dit belangrik was vir almal — oumas, oupas, moeders, vaders, en selfs seuns en dogters — om elke dag tyd alleen saam met God deur te bring. Yu-Ting het besluit om te probeer. Sy het 'n godsdienstige boek op Ouma se boekrak gekry en dit oopgemaak. Die eerste hoofstuk was genoem "Sonde." Yu-Ting het 'n paar sinne gelees en die boek vinnig toegemaak. Sy het die slegte dinge wat sy gedoen het, onthou, en sy het sleg gevoel.

Die volgende dag het Yu-Ting die boek weer oopgemaak. Hierdie keer het sy dit by 'n ander hoofstuk oopgemaak. Weer het sy oor sonde gelees. Weer het sy sleg gevoel en die boek toegemaak.

Op die derde dag het sy die boek met bewende hande oopgemaak. Sy het 'n hele bladsy gelees voordat sy die skuldgevoel nie meer kon hanteer nie en het na haar slaapkamer gehardloop. Sy het

die deur gesluit en neergekniel.

"Vergewe my asseblief vir my sondes," het sy huilend gebid. "Vergewe my asseblief vir die slegte dinge wat ek gedoen het."

Sy het besef hoe dwaas sy was om slegte dinge te doen al het sy van beter geweet. Sy het so hartseer gevoel. Sy het gebid totdat sy aan die slaap geraak het.

Elke aand vir 'n week, het Yu-Ting langs haar bed gekniel en gehuil terwyl sy God gevra het om haar te vergewe.

Op die laaste dag van die week, het sy iets gesê wat sy nog nooit vantevore gesê het nie. Sy het gebid, "Liewe God, ek plaas my verlede, vandag, en my toekoms in U hande. Ek verstaan dat my sondes myself en ander seergemaak het. Lei my asseblief volgens U wil."

Toe sy in die oggend wakker geword het, het sy anders gevoel. Haar hart was gevul met vreugde en vrede. Sy het soos 'n nuwe persoon gevoel.

"Dankie, Here!" het sy uitgeroep.

Yu-Ting het die waarheid van God se belofte in die Bybel gevind, "As julle julle sondes bely, Hy is getrou en regverdig om julle sondes te vergewe en julle van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Johannes 1:9).

Yu-Ting het aangehou om haar eie oggendgodsdiens te hê toe sy teruggegaan het om na drie jaar by haar ouers te woon. Moeder en Vader het agtergekom dat iets anders was met hulle dogter. Hulle het niks gesê nie, maar hulle het gesien dat sy daarvan gehou het om die Bybel te lees en te bid. Hulle het gesien dat sy daarvan gehou het om elke Sabbat in die kerk te aanbid. Een Sabbat het Yu-Ting hulle genooi om saam het haar kerktoe te gaan, en hulle het ingestem!

Vandag gaan Moeder en Vader elke Sabbat saam met Yu-Ting kerktoe. Net soos hulle dogter, lees hulle die Bybel en bid elke oggend. Yu-Ting is so gelukkig! God het haar sondes vergewe en haar en haar gesin 'n nuwe lewe in Hom gegee.


Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal wat ander kinders en ouers in Taiwan sal help om te leer van die vrede en vreugde wat kom deur 'n persoonlike vriendskap met Jesus.

Deur James Wu

## Storie Wenke

- Vind Taiwan op die kaart.
- Spreek Yu-Ting uit as: YOU-ting.
- Weet dat 'n jong Ellen White bekommerd was en gehuil het oor haar sondes van ongeveer die ouderdom van 8. Maar terwyl sy die Bybel gelees, gebid en getuig het, het sy geleer dat God vergewe, en sy het vrede en vreugde in Hom gevind. Leer meer in "For Jesus and Scripture: The Life of Ellen G. White" deur Jerry Moon en Denis Kaiser in *The Ellen G. White Encyclopedia* (2014).
- Moedig die kinders aan om hulle sondes aan Jesus te bely en vrede en vreugde te vind , wat slegs bekering deur Hom kan bring.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Geestelike Groei Doelstelling No. 6, "om toegang, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug en jong volwassenes te verhoog"; en Geeselike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.





TAIWAN | 13 November

# 'n Goeie Geheue

## Zhuen, 11

Elfjarige Zhuen hou daarvan om Bybeltekse by sy huis in Taiwan te memoriseer.

Zhuen, wie die oudste kind in die familie is, het begin om die Bybel te memoriseer toe hy in graad drie was. Dit was Moeder wat eerste voorgestel het dat hy versies memoriseer en dit uit sy kop opsê vir die gesin se aandgodsdiens. Zhuen was gelukkig om die Bybelversies op te sê en, selfs al was dit soms moeilik om die versies te onthou, het hy nie kwaad geword nie. Moeder het beloof dat sy 'n Bybelstorie sou vertel elke keer wanneer hy 'n nuwe versie gememoriseer het. Zhuen hou daarvan om na stories te luiser, veral uit die Bybel,

By gesinsgodsdiens het hy die nuwe Bybelversies opgesê wat hy gememoriseer het. Sy 9-jarige sussie en 5-jarige boetie het dieselfde versies gememoriseer, en Vader en Moeder doen dit ook. Die hele gesin sê saam Bybelversies hardop op.

Sommige kerkleiers het gehoor van die Taiwanese gesin wat daarvan gehou het om die Bybel te memoriseer en het hulle genooi om Bybelversies op te sê by 'n belangrike sendingkonferensie. Zhuen en sy hele gesin het op die verhoog gestaan en hulle geliefkoosde Bybelversies opgesê vir 'n groot skare van mense. Baie Moeders en Vaders was in die gehoor, en hulle was verwonderd om Zhuen en sy gesin te hoor. Hulle het ook besluit om Bybelversies saam met hulle kinders te memoriseer vir aand gesinsgodsdiens.

Toe, as gevolg van Vader se werk, het Zhuen en sy gesin na 'n nuwe stad verhuis. Eers het Zhuen baie hartseer gevoel om vir sy vriende totsiens te sê. Eendag by sy nuwe skool het die Onderwyser egter gevra, "Wat beteken dit om te deel?"

Zhuen het sy hand vinnig opgesteek. Hy het 'n geliefkoosde Bybelstorie onthou wat Moeder vir hom vertel het. "Ek ken 'n storie oor 'n klein seuntjie wat sy middagete van vyf broodjies en twee vissies gedeel het, en dit het meer as vyfduisend mense gevoed," het hy gesê.

Die onderwyser het nog nooit die storie gehoor nie. Zhuen se klasmaats het nog nooit die storie gehoor nie.

Hulle het nooit die Bybel gelees nie. Die onderwyser het vir Zhuen gevra om die storie met die klas te deel. Zhuen het met vreugde die wonderwerk storie vertel van hoe Jesus 'n klein seuntjie se middagete geseën het. Hy was gelukkig om sy liefde vir Jesus in sy nuwe skool te deel.

Toe moes een van Zhuen se klasmaats verhuis nadat sy vader 'n nuwe werk gekry het. Zhuen het gesien dat sy vriend hartseer was. Hy het verstaan hoe die seun gevoel het. Hy het dieselfde gevoel toe hy verhuis het.

“Kan ek vir jou bid?" het hy gevra. "God kan jou weer gelukkig laat voel.”

Die seun het ingestem, en Zhuen het 'n gebed opgesê dat hy in die Bybel gememoriseer het. Hy het die Onse Vader gebid, wat begin, "Onse Vader wat in die hemel is, laat U naam geheilig word. Laat U koninkryk kom. U wil geskied soos in die hemel net so op die aarde.” (Vir volledgie gebed, lees Mattheus 6:9-13.)

Zhuen is nie skaam om saam met sy klasmaats te bid nie. Deesdae kom sy klasmaats dikwels na sy huis om te speel, en dikwels nooi hy hulle om saam te bid.

Zhuen hou daarvan om die Bybel te memoriseer. Dit het sy lewe verander.

Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal wat kinders en ouers in Taiwan sal help om van Jesus te leer.

Deur James Wu

## Storie Wenke

- Vind Taiwan op die kaart.
- Spreek Zhuen uit soos die Engelse maand "June."
- Weet dat Zhuen se gunsteling Bybelversie Psalm 23 is. Hy weet nie slegs hoe om dit uit die kop uit die Skrif op te sê nie, maar hy kan dit ook as 'n liedjie sing. Somtyds sing hy die lied saam met die res van sy gesin.
- Weet dat soos wat Zhuen ouer word, sy moeder hom ook gevra het om geheuetekse te teken. Om versies te teken, help hom om hulle te onthou.
- Moedig die kinders aan om Bybelversies te memoriseer. Bykomend tot om Bybelversies te memoriseer saam met sy gesin, memoriseer Zhuen ook Bybelversies wat elke week deur sy Sabbatskool onderwyser aangewys word.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Geestelike Groei Doelstelling No. 5, “om individuele gesinne dissipels te maak tot geesgevulde lewens”; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, “om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel. " Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

TAIWAN


VERSSTOMMENDE LAND

Die grootste persentasie van Taiwan se bevolking (95%), volgens die regering, bestaan uit Han Sjinese, meestal die afstammelinge van baie migrasie van die hoofland wat in die agtiende eeu begin het. Mandaryn is die mees algemene taal in Taiwan.




BigStockPhoto.com





SOUTH KOREA | 20 November

# Laaste Uitnodiging

## Sehee, 10

Sehee het met haar gesin na die platteland verhuis nadat hulle in 'n groot stad in Suid-Korea gewoon het.

Moeder was opgewonde oor die verhuising. "Om hierheen te verhuis, as 'n antwoord op gebed!" het sy gesê

Sehee was nie so seker daaroor nie. Sy het hartseer gevoel dat sy haar vriende in die stad moes agterlaat.

In die platteland, het Sehee nuwe dinge begin leer. Moeder het 'n groentetuin gemaak, en Sehee en haar jonger boetie moes die blaarslaai, komkommers, en koring versorg. Sehee het seker gemaak dat die groente genoeg water gekry het. Sy het die onkruid uitgehaal sodat die groente genoeg plek sou hê om te groei. Voordat Sehee geweet het, was die tuin gevul met lang, donkergroen komkommers, ronde koppe liggroen blaarslaai, en groen are vol geel koring. Sehee het daarvan gehou om vars groente te eet wat direk uit die tuin gekom het.

Moeder het gesê dat die bure ook daarvan sou hou om vars groente te eet wat direk uit die tuin gekom het Sehee het gehelp om lang, donkergroen komkommers, ronde koppe liggroen blaarslaai, en groen are vol geel koring te pluk, om weg te gee. Die bure was bly om die groente te ontvang. Sehee het baie goed gevoel terwyl die bure geglimlag en haar bedank het. Die bure het selfs vir haar geskenke van tuisgebakte brood en ingemaakte groente gegee. Somtyds het sy teruggekom huistoe met meer voedsel as toe sy weg is. Die Bybel leer dat hoe meer jy deel, hoe meer ontvang jy. Spreuke 11:24 sê, "Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry."

Sehee het egter nie enige jong vriende by die kerk gehad nie. Sy en haar broer was die enigste kinders daar. Moeder het Sehee se hartseer oë gesien en voorgestel dat sy vir haar skoolmaats moes bid en hulle na die Vakansie Bybelskool by die kerk moes uitnooi.

Sehee het spesiale uitnodigings uitgeskryf vir haar klasmaats. Sy was egter skaam om die uitnodigings vir haar vriende te gee. Wat as hulle nie gekom het nie?

"Moenie bekommerd wees nie, " het Moeder gesê. "Dit is nie jou werk om hulle te oortuig om na die Vakansie Bybelskool te kom nie. Dit is God se werk."

Sehee en moeder het die uitnodigings aan haar klasmaats uitgedeel. Nie een van hulle het na die Vakansie Bybelskool gekom nie. Een van die seuns het egter op Sabbat kerktoe gekom. Die seun het saam met sy grootouers gewoon en het nie enigiets van Jesus geweet nie. Hy het nie enige vriende by die skool gehad nie. Hy was so bly om van Jesus by die kerk te leer, en hy het onmiddellik aangekondig dat hy elke Sabbat wil kom.

By die huis het Moeder vir Sehee gesê dat selfs al het niemand na die Vakansie Bybelskool gekom het nie, God die uitnodigings geseën het deur die seun kerktoe te bring.

“Hy het die laaste uitnodiging ontvang wat ons uitgedeel het," het Moeder gesê.

Sehee was verbaaas. "Hy sou nie vir Jesus ontmoet het as ons nie die uitnodigings gedeel het nie," het sy gesê.

Daardie aand het sy 'n spesiale gebed vir die seun gebid. "Liewe God, dankie dat u hom kerktoe gelei het," het sy gesê. "Laat hom en sy gesin U ken en vertrou. In Jesus se naam, bid ek, Amen!"

Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal wat sal help dat kinders en ouers van Jesus sal leer in Suid-Korea. Die offergawe sal help om twee belangrike sendingsentrums in twee Koreaanse stede te open,

Deur Youngsuk Chae

## Storie Wenke


- Vind Suid-Korea op die kaart.
- Spreek Sehee uit as: SEH-hee.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die voglende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstselling No. 1, “om die konsep van wêreldwye sending en opoffering vir sending te laat herleef as 'n manier van lewe wat .... elke kerklidmaat, jonk en oud, betrek in die vreugde van getuienis vir Christus en om dissipels te maak; Sending Doelstelling No. 2, “om Adventiste uitreiking te versterk en te diversifiseer ... onder onbereikte en onderbereikte mensegroepe, en aan nie-Christen godsdienste"; en Sending Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te plaas.” Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

SUID-KOREA

## SENDING REKORD

In Februarie 1943, gedurende die Tweede Wêreldoorlog, was die leiers van die kerk in Korea gearresteer deur die Japanese polisie en in die tronk gehou tot die einde van die jaar. Een het gesterf as gevolg van mishandeling wat hy in die tronk ervaar het, twee ander het gesterf kort nadat hulle vrygelaat was, en ander later aan. Altesaam, ongeveer 40 Sewendedag-Adventiste was gevange geneem vir hulle geloof. Baie ander het na die bergagtige streke van Korea gevlug en slegs na hulle huise teruggekeer toe die oorlog verby was.





SUID-KOREA | 27 November

# "Happy Church"

## Sun-mi, 8, en Sun-young, 9

Sun-young was in graaad drie, en haar suster, Sun-mi, was in graad twee toe hulle begin het om na die "Happy Church" in Suid-Korea te gaan.

Die nuwe kerk was geleë in 'n nuwe stad wat gebou was nie ver van hulle huis nie. Nie so lank gelede nie, was die hele plek berge, velde, en plase. Toe die bouers egter begin het om te werk, was die land vinnig in 'n groot en pragtige stad verander, genoem Sejong.

Sun-young en Sun-mi, saam met Vader en Moeder, het in die klein, nuutgeboude "Sejong Happy Church" aanbid.

Vader het die gemeente gelei in die sing van liedere by Sabbat aanbiddingsdienste. Sun-young en Sun-mi het hom begelei deur viole te speel wat hulle net toe begin leer het. Om God te loof deur musiek het die meisies baie gelukkig laat voel. Hulle was bly om in die "Happy Church" te wees.

Na 'n rukkie, het 'n meisie genoem Sua na die stad verhuis, en sy het haar viool kerktoe gebring. Sua se moeder was 'n musiek-onderwyseres wat die tjello geleer het, en sy het die nuwe musiekgroep van drie kinders en hulle viole op 'n noukeurige manier gelei.

Ongeveer 'n jaar-en-'n-half later, het die nuwe predikant se oudste seun, Chan-young by die musiekgroep aangesluit met sy klarinet. Sy jonger broer Chan-sol, het 'n viool gebring.

Nou het die musiekgroep uit vier viole en 'n klarinet bestaan. Toe die klein groepie gedurende Sabbat aanbiddingsdienste gespeel het, het kerkgangers met blydskap uitgeroep dat hulle gevoel het dat hulle luister na musiek wat by die see van glas by God se troon in die hemel, gespeel word.

Onder daardie kerkgangers is mev. Lee, wat baie van die musiek hou. Sy het na die "Happy Church" gekom toe haar man op die Internet gelees het dat God se Sabbat op Saterdag is, nie op Sondag nie. Hulle seun hou baie van die musiek, en hy het begin om te leer om die viool te speel omdat hy by die musiekgroep wil aansluit.

Daar is ander kinders wat ook by die groep wil

aansluit. Do-hee leer die fluit; Ye-song leer die viool; Min-gyo leer die tjello; en Tae-hoon leer die klarinet. Wanneer al die kinders leer hoe om te speel, sal die klein groepie 'n groot orkes word.

Die predikant het die musiekgroep Osher genoem, wat beteken "blydskap" in die Hebreeuse taal van die Bybel. Die kinders wat in die groep speel, is gelukkig. Kerkgangers wat na hulle musiek luister, is gelukkig. En die God wat hulle musikale lof in die hemel ontvang , is gelukkig.

Drie jaar gelede, het deel van u Dertiende Sabbat Offergawe gehelp om die "Happy Chuch" in Sejong, Suid-Korea te bou. Sun-young en Sun-mi is dankbaar teenoor die baie kinders rondom die wêreld wat geld gegee het vir hulle kerk deur die Dertiende Sabbat Offergawe.

"Gelowiges van dwarsoor die wêreld het gehelp om ons kerk te bou met gebede en offergawes," sê Sun-young.

"Baie dankie," sê Sun-mi.

Deur Youngsuk Chae

## Storie Wenke


- Vind Suid-Korea op die kaart.
- Weet dat Sun-mi nou baie instrumente bespeel, soos geïllustreer deur die fluit wat sy vashou in die foto.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 1, "om die konsep van wêreldwye sending en opoffering vir sending as 'n manier van lewe te laat herleef wat nie slegs predikante betrek nie, maar elke kerklidmaat, jonk en oud, in die vreugde van getuienis vir Christus en om dissipels te maak"; Geestelike Groei Doelstelling No. 6, "om opname, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug, en jong volwassenes te verhoog"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

SUID-KOREA

## SENDING REKORD

Die eerste Koreane wat Sewendedag-Adventiste geword het, Lee Eung Hyun en Son Heung Cho, was in 1904 bekeer, in Kobe, Japan, waar Lee Eung Hyun 'n kennisgewingbord in Sjinees gesien het (wat algemene ideogramme gebruik met Japanees en Koreaans) op die straat, wat gelees het "Die Sewendedag Sabbat Jesus se Wederkoms Kerk." Hy was alreeds 'n Christen en was nuuskierig gemaak deur die teken. Na ondersoek en om met die evangelis Hide Kuniya te praat, het hy Son Heung Cho genooi om die kerk saam met hom te besoek en die twee mans is spoedig gedoop. Son Heung Cho het toe na Korea teruggekeer, waar hy begin het om die boodskap te versprei. Later daardie jaar het hy Hide Kuniya genooi om na Korea te kom en die bekeerlinge te leer.





SUID-KOREA | 4 DESEMBER

# Kragtige Gebede

## Jaechan, 12

Het jy al ooit skaam gevoel? Het jy al ooit so skaam gevoel dat jy nie wou kerktoe gaan nie?

Dit is presies hoe  Jaechan die eerste keer gevoel het toe sy ouers hom kerktoe geneem het in Suid-Korea. Hy was te skaam om in die kerk in te gaan. Sy hart het woes geklop terwyl hy by die voorhekkie van die kerk gestaan het. Hy het nie geweet wat in die kerk sou gebeur nie. Hy het niemand in die kerk geken nie. Hy het nie enige vriende in die kerk gehad nie. Wat as die kerk vervelig was?

Jaechan wou nie ingaan nie. Vader en Moeder het hom nie gedwing om in te gaan nie. Met hulle toestemming het hy omgedraai en huistoe geloop.

Die volgende Sabbat het Vader en Moeder hom genooi om weer saam kerktoe te gaan. Jaechan wou nie gaan nie, maar hy het sleg gevoel om weer nee te sê. Hy het dus maar onwillig saam met hulle kerktoe gegaan. Toe hulle daar aangekom het, het hy by die hek gaan staan.  Moet hy ingaan? Hy het ingegaan.

Die Sabbatskool onderwyseres het Jaechan vriendelik gegroet.

“Hallo!” het sy gesê. "Wat is jou naam?" "My naam is Jaechan," het Jaechan gesê. Die onderwyseres het Jaechan aan die ander kinders voorgestel. Hulle het geglimlag en was vriendelik met hom. Jaechan het gemaklik gevoel tussen sy nuwe vriende. Die onderwyseres het die Bybel op 'n prettige manier geleer, en Jaechan het die les interessant gevind. Aan die einde van die Sabbatskoolklas, het die onderwyseres vir Jaechan gebid.

“Liewe God,” het die onderwyseres gesê, “open asseblief Jaechan se hart vir U sodat hy U sal liefhê.”

'n Paar van sy nuwe vriende het ook vir hom gebid om God te ken.“Hemelse Vader,” het een gesê. "Help Jaechan om U lief te hê.”

Hulle gebede het  gewerk.

Jaechan het Jesus begin liefkry. Eers het hy slegs Sabbatskool en kerk bygewoon. Na'n rukkie het hy egter ook begin deelneem in kinder-aktiwiteite in die middag. Hy het begin om die Sabbatskoolles te studeer en die geheuetekse

gedurende die week begin memoriseer. Hy het vriende met die kerk predikant geword. Op Sabbatoggend, het hy eerste wakker geword en dan Vader en Moeder gaan wakker maak.

"Staan op, staan op!" het hy gesê. "Ons wil nie laat wees vir Sabbatskool nie."

Hy het so baie daarvan gehou om kerktoe te gaan dat hy drie van sy vriende uitgenooi het om saam te gaan na Vakansie Bybelskool by die kerk. Die vriende het Vakansie Bybelskool so geniet dat hulle begin het om elke Sabbat saam met Jaechan kerktoe te gaan.

Jaechan is so gelukkig. Hy het Jesus deur gebede van die Sabbatskool onderwyseres en die kinders in die Sabbatskoolklas ontmoet. Nadat hy sy drie vriende kerktoe gebring het, bid hy om in staat te wees om meer kinders aan Jesus voor te stel. Elke aand voor hy gaan slaap, bid Jaechan, "Hemelse Vader, help my asseblief om 'n persoon te word wat mense na God kan lei. Laat meer mense God ken, asseblief. In Jesus se naam bid ek, Amen!"

Dankie vir u Dertiende Sabbat Offergawe hierdie kwartaal wat kinders en ouers in Suid-Korea sal help om van Jesus te leer.

*Deur Youngsuk Chae*

## Storie Wenke

- Vind Suid-Korea op die kaart.
- Spreek Jaechan uit as: JAY-chan.
- Moedig die kinders aan om gereeld te bid vir iemand om God te ken. Byvoorbeeld, hulle kan bid vir nie-kerkgaande familie of vriende. Oorweeg dit om ook gereeld vir daardie mense in Sabbatskool te bid.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 1, "om die konsep van wêreldwye sending en opoffering vir sending as 'n manier van lewe wat nie slegs predikante betrek nie, maar elke lidmaat, jonk en oud, in die vreugde daarvan om vir Christus te getuig en disssipels te maak, te laat herleef"; Geestelike Groei Doelstelling No. 6, "om opname, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug, en jong volwassenes te verhoog"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te stel en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

SUID-KOREA


VERSTOMMENDE LAND

Die gewildste en welbekendste element van Koreanse kookkuns is kimchi: 'n gereg gemaak van verskeie gegiste groente en smaakmiddels, insluite brandrissie poeier.



BigStockPhoto.com





SUID-KOREA | 11 Desember

Jiyul, 9

# Verjaarsdag met Vriende

Nege-jarige Jiyul is 'n gewilde seun by sy plattelandse skool in Suid-Korea. Hy is opgewek, en kom goed klaar met ander kinders. Die onderwyser hou ook van hom. Na die klas help hy die onderwyser om die klaskamer op te ruim.

Jiyul het egter 'n probleem gehad. Sy vriende wou nie na skool na sy huis toe kom om te kom speel nie. Jiyul het dikwels na sy vriende se huise gegaan en hulle nuwe speelgoed, akwariums, en troeteldiere gesien. Dit het egter gelyk of niemand na sy huis wou kom nie. Hy het gefrustreerd geword en kon nie verstaan waarom hulle nie na sy huis wou kom nie.

Eendag, toe Jiyul 'n vriend genooi het om by hom te kom speel, het die vriend geantwoord, "My moeder het gesê dat ek by die skool met jou kan speel, maar ek kan nie na jou huis toe gaan nie."

"Waarom het jou moeder dit gesê?" het Jiyul gevra.

"Dit is omdat jou huis 'n kerk is," het die vriend verduidelik.

Dit was waar. Jiyul se huis was 'n kerk. Die seun is die seun van 'n Sewendedag-Adventiste predikant, en hulle huis neem deel van 'n Sewendedag-Adventistekerk in beslag. Die meeste ouers woon drie groot kerke in die dorp op Sondag by om bymekaar te kom, en die ouers van Jiyul se vriende wou nie hê dat hulle kinders na 'n huis moes gaan binne-in 'n kerk wat op Saterdae ontmoet nie.

Jiyul het vir sy ouers vertel van sy gesprek by die skool. Sy ouers het vir 'n lang tyd gewonder hoe Jiyul vriende kon oornooi om te kom speel. Uiteindelik het hulle besluit om iets spesiaal vir Jiyul se verjaarsdag te doen. In plaas daarvan om Jiyul se vriende uit te nooi om te kom eet soos wat hulle gewoonlik vir sy verjaardag gedoen het, sou hulle die kinders oornooi na hulle huis vir 'n partytjie. Jiyul he tvan die idee gehou en hy het gebid, "Laat my vriende asseblief na my partytjie kom en 'n lekker tyd geniet.

En gee hulle ouers 'n vriendelike hart vir die Adventistekerk."

Jiyul het partytjie uitnodigings gemaak met die naam en plek van die kerk. Hy het die uitnodigings vir al sy klasmaats gegee.

Uiteindelik het Jiyul se verjaardag aangebreek. Toe die partytjie begin het, het 10 vriende opgedaag. Jiyul was so gelukkig! Vir die eerste keer kon hy by die huis saam met vriende speel!

Van daardie dag af maak Jiyul uitnodigings wanneer daar ookal 'n konsert of ander gebeurtenis by die kerk is en gee dit vir sy klasmaats. Hy het geleer dat hoe meer dikwels sy vriende na die kerk kom, hoe meer dikwels het hulle na sy huis gekom om te kom speel. Hy bid dat eendag sy vriende elke Sabbat saam met hom by die kerk sal aanbid.

U Dertiende Sabbat Offergawe aan die einde van hierdie maand sal help dat selfs meer kinders — en ouers in Suid-Korea — van Jesus sal leer.

*Deur Oh Dongjun*

## Storie Wenke

- Vind Suid-Korea op die kaart
- Spreek Jiyul uit as: GI-youl.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 1, "om die konsep van wêreldwye sending en opoffering vir sending te laat herleef wat nie slegs predikante nie maar elke lidmaat, jonk en oud, betrek in die vreugde daarvan om vir Christus te getuig en dissipels te maak."; en Geestelike Groei Doelstelling No. 6, "om opname, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug en jong volwassenes te verhoog." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

SUID-KOREA


VERSTOMMENDE LAND

Suid-Korea was in 'n stadium die tuiste van verskeie Siberiese tiers maar, soos die bevolking gegroei het, was hulle byna tot uitwissing gejag en word nou slegs in Noord-Korea gevind.



BigStockPhoto.com



JAPAN | 18 Desember

Saki Takahagi, 35

# Krag van 'n Boek

Hou julle daarvan om te lees?

Nege-jarige Saki het daarvan gehou om te lees op die Japanese eiland van Okinawa. Sy het veral daarvan gehou om vyf boeke te lees wat van 'n vreemdeling gekoop was wat aan hulle deur geklop het. Weer en weer het sy *Oom Attie se Slaaptydstories* gelees.

Die boek het Saki bekendgestel aan Jesus. Haar familie was nie Christene nie. Haar ouers, soos baie ander mense in Japan, het nie kerktoe gegaan of Jesus aanbid ne. In die boeke het sy gelees dat Jesus kinders liefhet en hulle gelukkig wil maak.

Soos wat die jare verby gegaan het, het Saki groot geword; na Tokio, die hoofstad van Japan verhuis; en 'n nuwe naam gekry: Moeder. Kom ons noem haar Moeder nou dat sy kinders van haar eie het. Iewers langs die pad het Moeder die *Oom Attie se Slaaptydstories* boeke verloor. Eendag het Moeder besef dat haar oudste seun oud genoeg was om skooltoe te gaan. Maar waarheen sou hy hom stuur? Moeder het gesien dat daar 'n skool naby haar huis was en dit op die Internet opgesoek. Sy het geleer dat dit 'n Sewendedag-Adventiste skool was. Omdat sy nooit van Adventiste gehoor het nie, het sy aanlyn gesoek na meer inligting, en tot haar verbasing, daar gelees dat die Adventistekerk baie kinderboeke publiseer, insluitende haar geliefde *Oom Attie se Slaaptydstories* Sy het geweet dat sy wou hê dat haar seun by die Adventiste skool moes studeer.

Maar eers wou Moeder meer van die Adventistekerk weet. 'n Adventistekerk was geleë by die Adventiste skool, en sy het begin om Sabbatdienste by te woon. Sy het vrede gevoel terwyl sy liedere gesing en na preke geluister het. Sy het ook 'n nuwe stel van *Oom Attie se Slaaptydstories* in die hande gekry en begin om dit vir haar kinders te lees. Hulle was lief vir die stories.

Soos wat Moeder vir haar seuns gelees het, het sy begin om 'n ander boek op haar eie te lees

~ — die Heilige Bybel. Sy het baie boeke in haar lewe gelees, maar nog nooit het sy 'n boek soos hierdie een gelees nie. Die woorde van die Bybel het haar hart aangeraak. Sy het vir die eerste keer gelees dat Jesus gesterf het om mense te red. Sy het haar hart vir Jesus gegee en was gedoop.

Vandag lees Moeder nog steeds *Oom Attie se Slaaptydstories* vir haar seuns. Sy deel ook Bybelversies met hulle, veral wanneer hulle kla. “Verbly julle altyd, bid sonder ophou, wees in alles dankbaar; want dit is die wil van God in Christus Jesus vir julle," sê sy, en sê 1 Thessalonicense 5":16-18 op.

Moeder is lief vir *Oom Attie se Slaaptydstories* Sy is lief vir die Bybel. En sy is veral lief vir Jesus.

Moeder het van Jesus geleer deur *Oom Attie se Slaaptydstories* en die Internet. Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal gaan vir 'n projek om baie Japanese mense te help om van Jesus te leer deur die Internet. Onthou dat ons ons Dertiende Sabbat Offergawe volgende Sabbat kan gee. Dankie dat u 'n milddadige offergawe beplan.

*Deur Kazuhiro Hiraga*


## Storie Wenke

- Vind die Okinawa eiland en Tokio, Japan, op die kaart.
- Spreek Saki uit as: sa-KEE.
- Spreek Saniku uit as: sa-ni-KOO.
- Moedig die kinders aan om nie-fiksie boeke te lees wat Jesus verhoog. Daag hulle uit om goeie boeke te vind en dit in Sabbatskoolklas te deel.
- Laai foto's af op Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 2, “om Adventiste uitreiking te versterk en diversifiseer … tussen onbereikte en onderbereikte mensegroepe, en aan nie-Christen godsdienste"; Geestelike Groei Doelstelling No. 6, "om opname, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug en jong volwassenes te verhoog"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te plaas en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

## SENDING REKORD

Teruhiko H. Okohira (1865–1939) was gebore in 'n invloedryke gesin in Satsuma Provinsie, Japan. Terwyl hy besigheidskool in die Verenigde State bygewoon het, was hy bekeer eers tot Metodisme en toe, in San Francisco, het hy 'n Sewendedag-Adventis geword. Hy het Healdsburg Kollege bygewoon, en aan die einde van die skooljaar in 1894, het hy 'n oproep gedoen vir iemand om saam met hom terug te gaan Japan toe om die Adventiste boodskap te versprei. Kollege president W. C. Grainger het gereageer en in 1896 was hulle deur die Wêreldkonferensie gestuur na Tokio, Japan. In 1907, is Okohira en 'n ander man, H. Kuniya, georden as die eerste Japanese Adventiste predikante.





13de SABBAT | 25 DESEMBER

Ryotaro, 12

# WAT SE BOEK IS DIT?

Groot Suster het 'n Bybel ontvang van 'n vreemdeling terwyl sy huistoe geloop het van die skool in Japan.

Die 12-jarige meisie was egter gladnie geïnteresseerd in die boek nie, en sy het dit op 'n slaapkamerrak neergesit sonder om dit selfs oop te maak. Later, terwyl sy haar kamer skoongemaak het, was sy gepla om die Boek op die rak te sien. Sy wou dit nie daar hê nie en het dit dus vir haar 8-jarige broer, Ryotaro geneem.

"Sal jy daarvan hou om hierdie te lees?" het sy gevra. Ryotaro het gewonder watter soort boek sy vasgehou het.

"Wat se boek is hierdie?" het hy gevra. Toe hy dit van nader bekyk het, het hy die woord "Bybel" op die omslag gesien. Hy het 'n Bybel by sy oupa se huis gesien, en hy was nuuskierig om dit te lees.

"Ja, ek sal daarvan hou om dit te lees," het hy gesê.

Sy groot Suster het die Bybel vir hom gegee.

Die Bybel het slegs die Nuwe Testament bevat en hy het van die begin, begin lees, die boek van Mattheus.

"Wie is Mattheus?" het hy gedink.

Soos wat hy gelees het, het hy geleer van 'n Man met die naam Jesus wie baie siek mense gesond gemaak het. Hy het besef dat Jesus 'n baie belangrike Persoon was.

Toe hy klaar was met Mattheus, het hy gewonder wou volgende sou gebeur, daarom het hy die volgende boek, die Evangelie van Markus, begin lees. Die storie het egter dieselfde geklink as wat hy in Mattheus gelees het, daarom het hy halfpad deur opgehou lees. Daarna het hy hier en daar in die Nuwe Testament gelees, maar hy het nie enige boek klaargemaak nie. Hy het verlang om meer van Jesus te weet. Sy familie was nie Christene nie, en hy het hulle nie vertel van die verlange in sy hart nie.

Die Bybel het in die tussentyd 'n belangrike deel van sy lewe geword. Hy het 'n lys van beloftes gevind wat hy kon lees wanneer hy siek was. Hy het 'n lys versies gevind wat hy kon lees wanneer hy probleme gehad het. Hy het 'n lys van versies gekry wat hy kon lees wanneer hy hartseer gevoel het. Elke keer wanneer hy 'n

behoefte  gevoel het vir vrede, het hy die Bybelbeloftes gelees en en getroos en bemoedig gevoel.

Die Bybel was baie belangrik vir Ryotaro. Met 'n potlood het hy die versies onderstreep waarvan hy veral gehou het. Wanneer hy die huis verlaat het, het hy altyd die Bybel saam met hom gedra. Alhoewel niemand hom ooit geleer het om te bid nie, het hy begin bid elke keer wanneer hy saam met sy familie op reis gegaan het. "God, beskerm ons asseblief," het hy gesê.

Toe Groot Suster klaar was met laerskool, het Vader en Moeder gesoek vir 'n junior hoërskool vir haar op die Internet. Hulle het geleer van Okinawa Saniku Junior Hoërskool, 'n Sewendedag-Adventiste skool wat op Okinawa eiland geleë was, ver van hulle huis op die Japanese hoofland. Alhoewel Groot Suster 'n ander skool gekies het, het Ryotaro besluit dat hy daar wou studeer.  Hy het gehoop om meer van Jesus te leer.

Vandag is Ryotaro 12 jaar oud en woon in die seunskoshuis by die skool. Selfs al woon hy ver van sy ouers, is hy gelukkig. Hy neem getrou deel in koshuis godsdiens elke oggend en aand. Hy hou van Vrydagaande se aanddiens programme en Sabbat aanbiddingsdienste. Hy lees die Bybel op sy eie en in klasse. Nie lank gelede nie, het hy vir Moeder en Vader gesê dat hy gedoop wil word.  Sy ouers het onmiddellik ingestem. Hulle het verstaan hoeveel hy die Bybel liefhet en hoe belangrik dit in sy lewe is.

Ryotaro is dankbaar dat hy meer van Jesus kan leer by die skool. Hy is dankbaar dat sy ouers die Adventiste skool op die Internet gevind het. En hy is dankbaar dat hy 'n Bybel ontvang het wat hom van Jesus geleer het.

## Storie Wenke

- Vind Japan en Okinawa eiland op die kaart.
- Spreek Ryotaro uit as: RYO-tar-o.
- Spreek Saniku uit as: sa-ni-KOO.
- Laai foto's af op  Facebook: bit.ly/fb-mq.
- Laai Sendingnuus en Vinnige Feite af van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie: bit.ly/nsd-2021.
- Weet dat hierdie sendingstorie die volgende komponente van die Sewendedag-Adventistekerk se "Ek Sal Gaan" strategiese plan illustreer: Sending Doelstelling No. 2, “om Adventiste uitreiking te versterk en te diversifeer  … onder onbereikte en onderbereikte mensegroepe, en aan nie-Christen godsdienste”; Geestelike Groei Doelstelling  No. 6 "om opname, behouding, herwinning, en deelname van kinders, jeug en jong volwassenes te verhoog"; en Geestelike Groei Doelstelling No. 7, "om jeug en jong volwassenes te help om God eerste te plaas en 'n bybelse wêreldsiening uit te beeld." Leer meer oor die strategiese plan by IWillGo2020.org.

## Voor 13de Sabbat

- Stuur 'n nota huistoe om ouers te herinner aan die program en om die kinders aan te moedig om  hulle Dertiende Sabbat Offergawe te bring op 25 Desember. Herinner almal dat hulle sendingoffergawes geskenke is om God se Woord rondom die Wêreld te versprei, en dat 'n kwart van ons Dertiende Sabbat Offergawe direk sal gaan om projekte in die vier lande van die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie te help.
- Die storieverteller hoef nie die storie te memoriseer nie, maar hy of sy behoort bekend  genoeg te wees met die materiaal sodat dit nie gelees hoef te word nie. Alternatiewelik kan die kinders die storie uitbeeld en die rolle van Ryotaro, Groot Suster, Vader, en Moeder vertolk.
- Gebruik voor of na die storie 'n kaart om die vier lande in die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie te wys wat die Dertiende Sabbat Offergawe sal ontvang.  Beskryf die Dertiende Sabbat projekte.

Ryotaro het van die Adventiste skool geleer deur 'n aanlyn soektog deur sy ouers. Deel van hierdie kwartaal se Dertiende Sabbat Offergawe sal gaan vir 'n projek om baie Japanese mense, veral die jongmense te help om van Jesus te leer deur die Internet. U offergawe vandag sal ook mense in Suid-Korea, Mongolië, en Taiwan help om van Jeus te leer. Dankie vir u milddadige offergawe.

*Deur Aiki Saito, chaplain at Okinawa Saniku Junior High School*

# Toekomstige Dertiende Sabbbat Projekte

Die Dertiende Sabbat Offergawe volgende kwartaal sal die Suider Stille-Oseaan Asië Divisie help om die volgende op te rig:

- Laerskool in  Luang Namtha, Laos
- Studentekoshuis by Timor-Leste Adventiste Internasionale Skool in Dili, Timor-Leste
- Gesondheidsentrum in noordelike Pakistan
- Kinders se Leersentrum in  Long Thanh, Vietnam

# Kom ons Kook

## BOORTSOG

(MONGOLIë)

### BESTANDDELE

knippie sout
1/2 koppie (100 g) suiker
1/4 koppie (56 g) botter
1/2 koppie (120 ml) warm water
2 koppies (240 g) wit meel
Kookolie vir diepbraai

### INSTRUKSIES

Los die sout en suiker in warm water op. Meng die water, botter, en meel saam en knie tot die deeg ferm en elasties is.

Laat dit vir 'n halfuur rus, en knie dit dan weer om enige lugblasies uit te klop. Rol die deeg tot 'n dikte van ongeveer ½ duim (1 cm).

Sny in twee reghoeke ongeveer  1x2 duim (2x5 cm) en braai in die warm olie tot dit goudbruin is.

Laat koekies afkoel. Dien op met gesmelte botter of heuning.

# Sing 'n Lied

## THIS LITTLE LIGHT OF MINE

TAIWAN (MANDARYN)

In hierdie uitgawe het ons "This Little Light of Mine" in die Mandarynse taal, wat in Taiwan gepraat word, sowel as in Sjina. Elke lyn word eers in Engels, dan die fonetiese uitspraak van die Mandaryn (in swart gedrukte letters), dan in Pinyin, die transliterasie van die Sjinese karakters, wat onder aan is.


| | |
|---|---|
| ENGELS | This little light of mine, I'm gonna let it shine. |
| PRONOUNCE IT | **wah nah way she-ow duh gwong, wah yow rong tah fong gwong** |
| PINYIN | *wǒ nà wēi xiǎo de guāng, wǒ yào ràng tā fàng guāng* |
| CHARACTERS | 我 那 微 小 的 光， 我 要 让 它 放 光 |

This little light of mine, I'm gonna let it shine.
**wah nah way she-ow duh gwong, wah yow rong tah fong gwong**
*wǒ nà wēi xiǎo de guāng, wǒ yào ràng tā fàng guāng*
我 那 微 小 的 光， 我 要 让 它 放 光

This little light of mine, I'm gonna let it shine.
**wah nah way she-ow duh gwong, wah yow rong tah fong gwong**
*wǒ nà wēi xiǎo de guāng, wǒ yào ràng tā fàng guāng*
我 那 微 小 的 光， 我 要 让 它 放 光

Let it shine, let it shine, let it shine.
**rong tah fong, fong gwong meung, fong guong meung**
*ràng tā fàng, fàng guāng míng, fàng guāng míng*
让 它放，放 光 明，放 光 明


# Kleur die Vlag In



## JAPAN

**AANWYSINGS:**

Kleur die sirkel in die middel rooi in. Los die res wit.




## MONGOLIë

**AANWYSINGS:**

Kleur die regterkant en linkerkant derdes rooi in. Kleur die middelste derde blou in. Kleur die figure op die linkerkant geel in.


# Kleur die Vlag In



## SUID-KOREA

**AANWYSINGS:**

Kleur die bokant van die sirkel rooi in en die onderkant blou. Kleur die balkies rondom die sirkel swart in.



## TAIWAN

**AANWYSINGS:**

Kleur die hoofdeel van die vlag rooi in. Kleur die agtergrond van die bokantste linker helfte blou in. Los die son wit.

# Kom ons Speel 'n Speletjie!

## ORIGAMI

JAPAN

Origami is die Japanese woord om 3-D beeldhouwerke te maak van plat stukke papier net deur dit te vou.

Origami kan wissel van 'n eenvoudige papier vliegtuig tot ingewikkelde blomme en diere.

### HOE OM 'N PAPIERBOOT TE MAAK

- **Materiaal:** 1 brief papiervel of A4 papier

### AANWYSINGS

Vou die stuk papier in die helfte, lengtegewys, maak dit oop, draai dit in 'n kwartdraai, en vou dit dan in die wydte, met die vou na bo.
Vou die boonste hoeke af sodat die boonste kante in die middel bymekaar kom, en vou dit in lyn met die middelste vou. Druk die voue af met jou vingers sodat dit gekreukel bly.


Neem die onderste vlappe en vou elkeen opwaarts. Vou oor die klein flappies wat oor die kante van die driehoek uitsteek.

Stel die gevoude papier met jou duime op in die opening aan die onderkant. Trek saggies uitwaarts totdat die ente na mekaar kom en ontmoet. U sal nou 'n plat diamantvorm hê.

Druk al die voue met jou vingers om dit heeltemal plat te maak.
Vou die boonste laag van die onderste punt om die boonste punt te ontmoet, en maak seker al die kante kom oormekaar. Druk die nuwe vou met jou vingers.
Draai die papier om en doen dieselfde met die ander kant. Jy sal nog 'n driehoek hê, maar hierdie keer kleiner.

Tel weer die gevoude papier met jou duime op in die opening aan die onderkant. Trek saggies uitwaarts totdat die ente bymekaar kom en ontmoet. Jy sal nou 'n ander, kleiner diamantvorm hê.

Druk al die voue weer met jou vingers. Tel nou die gevoude papier op, en, van die bopunt, trek die kante van die gevoude papier saggies uitmekaar en dit behoort oop te maak in 'n bootvorm. Verstel die voue saggies sodat dit regop sal staan op die onderkant.



BigStockPhoto.com

# Leier se Hulpbronne

Maak seker om u gratis Mission Spotlight video af te laai, wat verslae uitbeeld van rondom die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie en verder. Laai af of stroom van die Adventist Mission webtuiste by bit.ly/missionspotlight.

**Aanlyn Inligting**

Hieronder volg hulpbronne van inligting wat kan help in die voorbereiding vir die sendingsegment van Sabbatskool. Vir meer inliting oor die kulture en geskiedenis van die lande wat uitgebeeld word in hierdie kwartaalblad, besoek:

**Webtuistes**

| | |
|---|---|
| Japan: government website | bit.ly/JapanGov |
| Japan Visitor | bit.ly/JapanVisitor |
| Japan Travel | bit.ly/Travel-Japan |
| Mongolia: government website | bit.ly/MongoliaGov |
| Visit Mongolia | bit.ly/VisitMongolia |
| World Travel Guide | bit.ly/WTG- Mongolia |
| South Korea: government website | bit.ly/SKoreaGov |
| Lonely Planet | bit.ly/LP-SKorea |
| Visit Korea | bit.ly/Visit-Korea |
| Taiwan: government website | bit.ly/Taiwan-Gov |
| Lonely Planet | bit.ly/LP-Taiwan |
| World Travel Guide | bit.ly/WTG-Taiwan |

Seventh-day Adventist

| | |
|---|---|
| Northern Asia-Pacific Division | bit.ly/SDA-NSD |
| Japan Union Conference | bit.ly/SDAJapan |
| Korean Union Conference | bit.ly/SDAKorea |
| Mongolia Mission | bit.ly/SDAMongolia |
| Taiwan Conference | bit.ly/SDATaiwan |

'n Offergawe doel hulpmiddel sal help om die aandag te fokus op wêreldsendings en weeklikse sendingbydrae te verhoog. Bpeaal 'n doel vir u klas se weeklikse sendingoffergawe. Vermenigvuldig dit met 14, laat 'n dubbele doel toe vir die Dertiende Sabbatoffergawe. Herinner u Sabbatskoollede dat hulle gereelde weeklikse sendingoffergawe die sendingwerk van die wêreldkerk sal help en dat 'n kwart van die Dertiende Sabbat Offergawe direk sal gaan na die projekte in die Noordelike Asië-Stille-Oseaan Divisie. Op die twaalfde Sabbat, rapporteer oor sending wat gedurende die kwartaal gegee is. Moedig lidmate aan om hulle normale sendingbydrae op Dertiende Sabbat te verdubbel of te verdriedubbel en skryf die bedrag wat aan die einde van die Sabbatskool gegee word, op.

Alle Bybeltekse is aangehaal uit die Afrikaanse Bybel, 1933/53 Weergawe.

ADVENTIST MISSION

REDAKSIONEEL
AndrewMcChesney Redakteur
Wendy Trim Redaksionele Assistent
Emily Harding Uitleg Redakteur

OFFICE OF ADVENTIST MISSION
Gary Krause Direkteur
Rick Kajiura Kommunikasie Direkteur
Jeff S Scoggins Programdirekteur

KOMMUNIKASIESPAN
AndrewMcChesney Redakteur, Sending
Laurie Falvo Projekbestuurder
Kayla Ewert Projekbestuurder
Ricky Oliveras Video Produseerder
Caleb Haakenson Video Produseerder
Spesiale dank aan Yasuki Aoki (Japan), Youngsuk Chae (Suid-Korea), Akemi Duarte (Japan), Izumi Fukuchi (Japan), Gan-Erdene Ganbaatar(Mongoliê), Kazuhiro Hiraga (Japan), Guenji Imayuki (Japan), Masaru Kobayashi (Japan), Yasuki Miyamoto (Japan), Nyamsuren Myagmar (Mongolië), HyunSook Park (NSD), Richard Sabuin (NSD), James Wu (Taiwan)

Webwerf: AdventistMission.org

Sending (ISSN 0190-4108) is geproduseer en kopiereg © 2021 deur die Kantoor van Adventiste Sending, Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste, 12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904, U.S.A.

Gedruk in V.S.A.

Vierde Kwartaal 2021
Volume 110, Nommer 4

ADVENTIST® and SEVENTH-DAY ADVENTIST® are registered trademarks of the General Conference of Seventh-day Adventists®.

Toestemming word verleen om materiaal van hierdie kwartaalblad te reproduseer vir plaaslike Sabbatskool en kinderbedieninge programme. Toestemming om enige gedeelte van die materiaal vir verkope, publisering in enige ander tydskrif of ander kommersiële gebruik, moet deur die redakteur by die bogenoemde adres gemagtig word.

Vir inskrywingsnavrae e-pos Rebecca Hilde by rebecca.hilde@pacificpress.com of skakel 1-800-545-2449 or 1-208-465-2527 jaarlikse inskrywingskoerse per uitgawe: plaaslik: U.S.$7.50; international, U.S.$14.50. Noord-Amerikaanse Divisie kerke kan 'n komplimentêre inskrywing ontvang deur die bogenoemde telefoonnommers of epos adresse te kontak.




## NORTHERN ASIA-PACIFIC DIVISION

| UNION | CHURCHES | COMPANIES | MEMBERSHIP | POPULATION |
|---|---|---|---|---|
| Japan Union Conference | 97 | 48 | 14,978 | 125,967,062 |
| Korean Union Conference | 700 | 132 | 260,901 | 77,560,000 |
| Mongolia Mission | 6 | 5 | 3,061 | 3,361,420 |
| Taiwan Conference | 58 | 28 | 6,956 | 23,610,003 |
| **TOTAL** | **861** | **213** | **285,896** | **230,498,485** |

## PROJECTS

1. Adventist Lifestyle Center in Ulaanbaatar, Mongolia
2. Three urban centers of influence in Taipei, Tainan, and Kaohsiung, Taiwan
3. Care center for immigrant children in Ansan, South Korea
4. Yeongnam Mission Center in Daegu, South Korea
5. Internet evangelism program reaching the Internet generation in Japan